

7 April

Skrifgedeelte: Spreuke 3:12-19

Fokusgedeelte: Spreuke 3:12, 19

Vervulde begeertes bring vreugde in die lewe

Die gelese gedeelte is soos 'n pragtige skildery wat in die gedagtes ontvou. Vervulde begeertes wat nuwe lewensvreugde bring! Die vervulling van daardie diep-gewortelde begeerte moedig die gelowige aan tot volharding in die soeke na die wil van die Here in sy lewe. Daarin kom die waarde van die wysheid in die praktyk van die lewe na vore.

Die skildering van die vervulde begeertes word sterker uitgedruk deur dit teen die sombere agtergrond te stel van die teleurstelling wanneer verwagtinge nie realiseer nie. Wanneer die begeertes deur gierigheid en hebsug op persoonlike voordeel gemik is, loop dit uit op niks (tiende gebod) en raak 'n mens mismoedig en gefrustreerd; maar as die hart reg is, bring die vervulling van die goeie wense en begeertes die vrugte (vs. 13) voort wat nuwe lewe gee.

Die teenwoordigheid van bome wys op tekens van water wat in die dorre streke van die antieke Nabye Ooste lewe gee. Die boom wat vrugte dra langs die waterstroom is sprekend van die nuwe lewe (Ps. 1; Jer. 17:8). Die vreugde van vervulde drome word mooi as 'n lewensboom uitgebeeld (vs. 12, 1953-vert). Dieselfde met "die onderrig van die wyse is 'n fontein van die lewe" (vs. 14), as dit met die vrees van die Here en die verstaan van die regverdige se wysheidspreke in verband gebring word. Op hierdie wyse word die lyne duidelik deurgetrek om te verstaan dat bese of hebsugtige begeertes nooit met die lewensboom verbind kan word nie.

Die boodskap van die skets is dat jy versigtig moet wees wanneer jy iets baie graag wil hê, dat jou oordeelsvermoë nie belemmer word nie. Dan kan dit gebeur dat jy verblind word deur jou begeertes en so met die verkeerde eindig, hetsy dit 'n ongesonde verhouding of verkeerde aankope of planne is. Die vrugte daarvan is bitter, soos Spreuke 20:17 dit uitdruk as "gruisklippertjies tussen jou tande".

Doen daarom selfondersoek en kyk of jou begeertes jou nie dring om mense te gebruik en dinge lief te hê nie, eerder as om dinge te gebruik en mense lief te hê.

Sing: Psalm 1:1, 2 (Totius)

Ds. JE Franck (Ladysmith/Glencoe)